
lapa
UITGEWERS

HIERDIE BOEK
BEHOORT AAN:



Vir Kate, James en klein "O" – D.R.
Vir almal by die Laerskool Greythorn – A.M.

Oorspronklike titel: *Dirty Bertie: Mud!*
Karakters geskep deur David Roberts
Teks kopiereg © Alan MacDonald, 2009
Illustrasies kopiereg © David Roberts, 2009
Afrikaans deur Jaco Jacobs

Die regte van Alan MacDonald en David Roberts om as die skrywer en illustreerder van hierdie werk geïdentifiseer te word, is deur hulle bevestig kragtens die Copyright, Designs and Patents Act, 1988.

Eerste Afrikaanse uitgawe in 2024 deur LAPA Uitgewers, 'n afdeling van Penguin Random House Suid-Afrika (Edms.) Bpk., in samewerking met Little Tiger, 'n druknaam van Little Tiger Press Limited, Londen, Engeland.


Uitleg: Renthia Buitendag

Gedruk deur ABC Press

ISBN 978 0 6370 0548 7

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

# Vuil Ferdie
# MODDER!



VERTAAL DEUR
JACO JACOBS

**DAVID ROBERTS** GESKRYF DEUR **ALAN MACDONALD**

www.lapa.co.za



**Lees in die Vuil Ferdie-reeks:**

KIEME!

BURP!

EEUW!

MODDER!

TANDE!

# Inhoud



1 **Modder!** 7


2 **Kaas!** 37

3 **Spook!** 69




MODDER!





# HOOFSTUK 1

"FERDIE! HANDE UIT JOU SAKKE!" bulder juffrou Kotze.

"Ek kry koud, Juffrou," kla Ferdie.

"Nou hardloop rond."


Ferdie stamp sy voete sodat dit lyk of hy op een plek draf.

Hy haat sokkeroefening. Vir wat moet juffrou Kotze hulle in die ysige koue buitentoe

sleep? Hoekom kan hulle nie binne oefen nie?

Ferdie is briljant daarmee om sokker te kyk. Hy kan ure lank daaroor praat. Hy is net nie goed as dit kom by speel nie. In 'n wedstryd voel dit of hy nooit op die regte plek is nie. Meestal kyk hy net hoe die bal heen en weer oor sy kop skiet. En wanneer die bal wel na sy kant toe kom, skree almal skielik raad: **"GEE UIT! LAAT WAAI! SKUINSSKOP!"** Ferdie huiwer elke keer – en teen die tyd wat hy besluit wat om te doen, is die bal lankal aan die oorkant van die veld.

Juffrou Kotze begin met opwarmings-oefeninge. Sy dra 'n helder-oranje sweetpak, dit laat haar soos 'n reusagtige nartjie lyk. Die klas dribbel die bal tussen keëls deur. Hulle gee oor en weer aan. Hulle oefen om die bal met die kop te stamp.



Ná tien minute roep juffrou Kotze almal bymekaar.

"Voor ons 'n wedstryd begin speel, het ek goeie nuus. Van dié kwartaal af het Laerskool Suurvlei 'n nuwe afrigter. Ek."

"Hoera!" juig Wessel Weet-als.

'n Klont modder tref hom teen die oor. Ferdie staar in die lug op en fluit.

"So, Vrydag het ons 'n belangrike wedstryd en ek is op soek na nuwe spelers," gaan juffrou Kotze voort. "Wie wil graag vir die skoolspan speel?"

'n Dosyn hande skiet op. Ferdie hou sy hande langs sy sye. Hy probeer sy hemp oor sy knieë aftrek om warm te bly.

"Uitstekend!" sê juffrou Kotze. "En hande op as jy doelwagter wil speel."

Geen hande gaan op nie.

Ferdie voel hoe iemand sy arm knyp.

"AUW!" roep hy uit.

Wessel Weet-als staar in die lug op.



"Ferdie!" sê juffrou Kotze. "Wil jy doelwagter wees?"

"Ek?" vra Ferdie.

"Ja, het jy al doelwagter gespeel?"

"Nee, nee … ek kan nie … ek wil nie …"

"Hy's net beskeie, Juffrou!" sê Wessel en slaan Ferdie op die rug. "Vra enige iemand, hy's briljant!"

"Hmmm," sê juffrou Kotze. Briljant is nie 'n woord wat sy met Ferdie verbind nie. Daar moet sekerlik iemand anders wees.

"Wat van jou, Wessel?" vra sy.

"Ek kan nie, Juffrou. Ek het swak enkels," antwoord Wessel.

"Regtig," brom juffrou Kotze. "Wat van jou, Eddie?"

"Jammer, my ma weier dat ek sokker speel."

"Trevor?"

"Ek het nie stewels nie, Juffrou."


Ferdie kyk desperaat rond. Daar's tog sekerlik iemand wat doelwagter wil speel?

"Nou ja toe," sug juffrou Kotze. "Jy speel Vrydag doelwagter, Ferdie. **MOET MY NIE IN DIE STEEK LAAT NIE.**"

"Maar Juffrou –" begin Ferdie.

Juffrou Kotze blaas op haar fluitjie en stap weg sodat die wedstryd kan begin.

Ferdie staar haar agterna. Dit kan nie wees nie. Hy speel doelwagter vir die skoolspan. Dis 'n ramp!



**’n Nagmerrie!**

Ferdie het nog nooit in sy lewe doelwagter gespeel nie, nie eens pouses op die skoolgrond nie. Hy weet nie hoe om ’n bal te keer nie – hy kan homself nie eens keer om sy sakgeld te blaas nie. Dis alles daai tweegesigpadda van ’n Wessel se skuld. Hy weet goed Ferdie is vrot met sokker. Hy wil net kyk hoe hy sy naam met ’n plank slaan.

Ná die oefening stap Ferdie sleepvoet terug skool toe saam met Divan, Eddie en Donna.

“Toemaar,” sê Donna. “Dit was nie so erg nie.”


“Nee,” sê Divan. “Die kere wat jou oë oop was, was jy nie te sleg nie.”

Wessel Weet-als haal hulle van agter in. Sy hemp en kortbroek is silwerskoon.

"Haai, Ferdie, wat was die telling nou weer? Herinner my gou," sê hy vermakerig.

Ferdie ignoreer hom.

"Ses? Of was dit sewe? Ek het ophou tel."



"Ten minste sal juffrou Kotze my nie in die span wil hê nie," sê Ferdie.

"Dis waar jy 'n fout maak," grinnik Wessel. "Daar's niemand anders nie."

Ferdie kreun. "Hoekom ek? Kan iemand anders nie doelwagter wees nie?"

"Nee dankie," sê Divan. "Ek is 'n doelskopper. Die doelwagter kry altyd die skuld as die span verloor."

"Dink jy ons gaan verloor?" vra Ferdie.

"Is jy laf?" vra Divan. "Ons speel teen Buffelpark."

Ferdie verstaan nie.

"Hulle is boaan die liga," sê Donna. "Hulle het nog nie een wedstryd verloor nie."

**"HA! HA!"** skater Wessel. "Hulle gaan maalvleis van julle maak. Ek mis daai wedstryd vir geen geld ter wêreld nie."